

AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# Studenteondersteuning

*Die Studenteondersteuningsdienste-span lewer ŉ professionele diens deur middel van sielkundiges aan leerders, in groepsverband of individueel, wat psigometriese evaluerings vir vakkeuse en studierigtings insluit. Die evaluasies word in Afrikaans en Engels aangebied.*

## *Evaluasie van* graad 9-leerders vir vakkeuses

Dit is belangrik om ŉ volledige oorsig van ŉ leerder se belangstelling, aanleg en voorkeure sowel as huidige prestasie in ag te neem wanneer aanbevelings ten opsigte van geskikte vakke gemaak kan word. Nie alle leerders is seker watter studierigtings om te oorweeg nie, en benodig dus addisionele hulp.

Studenteondersteuning gebruik betroubare en geldige meetinstrumente om aan hierdie leerders en hul ouers die geleentheid te bied om ŉ ingeligte besluit te maak. Die reeks van meetinstrumente, wat gebruik word, bestaan uit die volgende:

---

IDEAS: Interest, Determination, Exploration and Assessment System. Die IDEAS-werkboek bestaan uit sestien verskillende belangstellingsvelde. IDEAS word gebruik om uit te lig waarvan die leerder hou en in belangstel met die oog op ŉ beroep.

---

VIA Classification of Character Strengths gee ŉ aanduiding van die geïdentifiseerde karaktersterktes van ŉ persoon. Hierdie karaktersterktes kan gebruik en versterk word om pro-aktief die persoon se funksionering te optimaliseer.

---

RPM (Raven's Progressive Matrices) is ontwerp om ŉ betroubare skatting te gee van ŉ persoon se vermoë om analities te dink as hy/sy toegelaat word om op haar/sy eie te werk. RPM is ŉ relatiewe goeie maatstaf van algemene intellektuele potensiaal en meet die volgende vaardighede:

- *Om uit komplekse situasies sin te maak*
- *Om binne ŉ ingewikkelde situasie betekenis te skep*
- *Om analities te dink en te redeneer*

**INDIVIDUELE TOETSING** word by die Gerhardstraat-kampus gedoen en sluit individuele meetinstrumente vir aanleg, belangstelling en persoonlikheid, asook persoonlike terugvoer gesprekke in. Hierdie toetsings neem gewoonlik ŉ volle werksdag, maar sluit ook ŉ volledige, gehalteversekerde verslag in. Aanbevelings word met beskikbare skoolvak-pakkette belyn.

Stuur navrae en toetsingsversoeke na studenteondersteuning@akademia.ac.za om individuele toetsings te skeduleer.

**GROEPSTOETSINGS** word ook gedoen. Die groepsevaluasie neem tussen twee en drie ure om te voltooi, afhangende van die leerders se werkspoed.

Hierdie resultate en leerders se mees onlangse skoolrapporte word verwerk en ŉ volledige verslag met aanbevelings word voorberei. Aanbevelings word met die beskikbare skoolvakpakkette belyn en alle verslae word aan eksterne gehaltebeheer onderwerp.

Die individuele verslae word tydens 'n eenmalige terugvoergeleentheid by die skool, vir leerders en ouers beskikbaar gestel.

Groepstoetsings se algemene navrae word tydens die terugvoergeleentheid beantwoord en ouers kan e-posnavrae na voorligting@akademia.ac.za stuur.

*Stuur ŉ e-pos aan* **dr. Annelize van Antwerp**, *voorligtingsielkundige by Akademia se Studenteondersteuning-span, by* **vangnet@akademia.ac.za** *vir enige verdere inligting of om evaluasie te skeduleer.*



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasienommer: 2011/HE08/005.